Blokraai -PRET

Maklik om uit te druk!

saamgestel uit vandag se koerante

14 Mei 2021

DIE BURGER Beeld Volksblad Rapport

Blokraai 93

Dwars

7. Handbewegings (6)
8. Eensellige diertjies (6)
9. Uitgeholde ruimtes onder die grond (4)
10. Geraamtes (8)
11. Toestelletjie op 'n gaslamp (7)
13. Eggenotes (5)
15. Spyt oor gedane sake (5)
16. Iemand wat sonder verlof sy werk verlaat (7)
18. Hulle behandel skeef gegroeide ledemate (8)
19. Hindoevrou se rok (4)
21. Regeringstelsel (6)
22. Posisie in skyfskiet (6)

Af

1. Griekse bokmelkkaas (4)
2. Studie van die uitgestorwe dier- en plantsoorte (13)
3. Stuk grond (7)
4. Fyn opgevoede vroue (5)
5. Reisgenoot (13)
6. Slange, paddas en akkedisse (8)
12. Skuit se spaan (8)
14. Onsuiwer (7)
17. Trofee by sport (5)
20. Manlike hond (4)



Crossword 111

Accross

1. Highly contagious type of influenza found in avians (4, 3)
5. Smash into a vehicle (5)
8. He regularly deposits money into a bank account to gain interest (5)
9. Burial ceremony (7)
10. Overcome and take control by military force (7)
11. Wipe off or rub out (5)
12. 1 000 kilograms (3)
13. Soft velvety leather (5)
14. Squabbles and petty quarrels (5)
16. Between 9 and 11 (3)
17. Entertain or make someone laugh (5)
19. Touching, or in contact with (7)
21. Find the answer to a problem (7)
22. Edition or copy of a newspaper (5)
23. Blood is thicker than this substance (5)
24. Slang term for Americans (7)

Down

1. Straightforward or simple (5)
2. Retaliation or getting even (7)
3. Person who predicts the future (13)
4. Unluckily or regrettably (13)
5. Complete attention (13)
6. Main artery of the body (5)
7. Protective hats worn by motorcyclists (7)
13. Small brown finch-like bird (7)
15. Elegant skill in style or performance (7)
18. Make someone unhappy (5)
20. Oak, elm and jacaranda (5)



Breinknoop

1. Wie het die TV-sepie *Egoli* geskep?
2. Watter voormalige Springbok het Australië in 1999 in die Wêreldbeker-rugbytoernooi verteenwoordig?
3. Hoeveel is die Romeinse getal M?
4. Hoeveel wit blokkies is op 'n skaakbord?
5. In watter Oekraïense dorp het in 1986 'n kernramp plaasgevind?

Sudoku 115

Moeilikheidsgraad: Kopkrap

Voltooi die rooster sodat elke ry dwars, elke kolom af en elke 3x3-kassie die syfers 1 tot 9 bevat. Dis al wat jy moet doen. G'n wiskunde is nodig nie. Die rooster is vol syfers, maar niks hoef bymekaargetel te word nie. Jy los die raaisel met logika en beredenering op.
Lees meer by http://wikipedia.org/wiki/Sudoku.

9	6	8						4
3						6		
7								
		3		6		2		1
		5			9	8		
	2		3					
2			7		6			
			9		1	5	4	
					4	3		

Oplossings

Blokraai [92 13 Mei]

Dwars: 1. dief; 3. omroeper; 9. uniform; 10. era; 11. teenswoordig; 13. indink; 15. weerga; 17. skuiftrompet; 20. tor; 21. asgaaie; 22. aambeeld; 23. dool.
Af: 1. deuntjie; 2. elite; 4. Mammon; 5. onvergenoegd; 6. plesier; 7. raad, 8. konsensieuse; 12. maatreël; 14. dekorum; 16. straal; 18. Plato; 19. stoa.

Crossword [110 13 Mei]

Across: 7. untidy, 8. recipe, 9. gallstone, 10. odd, 12. prepare, 14. alarm, 16. icing, 18. factory, 21. bee, 22. tasteless, 25. friend, 26. ranger.
Down: 1. unfair, 2. pill, 3. mystery, 4. trunk, 5. ice, 6. spider, 11. flat, 13. pony, 15. lantern, 17. cheers, 19. rasher, 20. candy, 23. lung, 24. fee.

Breinknoop

1. Franz Marx
2. Tiaan Strauss
3. 1 000
4. 32
5. Tsjernobil

Sudoku [114 13 Mei]

5	2	7	9	1	8	3	6	4
9	6	1	4	3	7	8	2	5
8	3	4	6	2	5	7	1	9
7	4	6	2	8	1	9	5	3
1	9	5	3	4	6	2	8	7
3	8	2	5	7	9	6	4	1
6	7	9	1	5	2	4	3	8
4	5	8	7	6	3	1	9	2
2	1	3	8	9	4	5	7	6

dink mooi

Blokraai -PRET

Maklik om uit te druk!

saamgestel uit vandag se koerante

9 Mei 2021

DIE BURGER Beeld Volksblad Rapport

Blokraai 473

Twee kanse om R500 te wen

Versteek in die sirkels, afwaarts gespel, is die naam van 'n natuurlike stroom water in SA wat ontspring naby 'n dorp waar 'n spook glo ryloop. SMS die woord BLOK gevolg deur jou antwoord na 34581. Die lyn sluit op 15 Mei om 12:00, en elke SMS kos R1,50. Gratis SMS'e geld nie, en foutiewe SMS'e word verreken. Die wenner word op 30 Mei aangekondig.



Naam..... Tel..... Faks of e-pos.....

Vul jou naam en adres in, neem 'n foto van jou voltooide raaisel en e-pos dit na pretblad.weekliks@rapport.co.za.
Skryf asseblief die nommer van die blokraaisel in die onderwerpveld.

Blokmakierie

In die geel blokkies is 'n koddige sin versteek wat op die rooster sal verskyn nadat jy die Blokmakierie korrek voltooi het (jy lees die sin van bo af ondertoe).

Dwars

1. Hy wil elke liewe ding tot die minimum beperk
8. Ou woord vir 'n worsie met kruie
10. Rigtings waarin die gras lê, soos op setperke
13. Spoedhobbels in 'n straat dwing die verkeer om só te ry
16. Variëteit van Afrikaans, gepraat deur sekere mense in en om die Moederstad
17. Wat jy doen as jy op een plek bly, maar nie staan of sit nie
18. Een van die larwes wat nogal woel sodat party mense goed geklee kan wees!
20. Seevoël wat 'n bron van lak is? (anagram)
21. Werkstuk vir bv. 'n magistergraad
23. Familiêr
24. Het met die lippe aangeraak
26. Aanvanklik
27. Sy is só ydel dat sy gedurig na . . . in die spieël kyk
33. Buigsame steekwapen, in die skermkuns gebruik
35. Gedrukte boek se ekstra (ingeplakte) paginas
39. Al is die aarde rond, moet jy met jou voete só daarop staan!
40. Deurmekaar babbel van koors
41. Hard gebakte kleiblok
44. Verwerpings van besluite deur dié wat die reg het om dit te doen
46. Poësie neerpen
47. Eindpunt van bv. 'n doodlooppad, waar jy op jou spoor moet teruggaan
48. Harde hoede waarmee "sieners" gebore word?
49. Slegs (hierdie een, geen ander nie)

Af

1. Daal af in hulle om delfstowwe te grawe
2. Vervalsing of replika
3. Staatsdepartemente, bv. van finansies en verdediging
4. Dit is glo noodlottig om hulle in die dak te steek
5. Bronne van saagsels
6. In . . . oseane is geen bevrore water nie
7. Teenoor kokend warme
9. Aktiwiteit van drywend deur water leer beweeg
11. Ouditeur-generaal (afk.)
12. Soort ui
14. Albanees, Birmaans, Chinees en Deens
15. Diensplig tige (afk.)
19. Profyt
22. Ou woord vir hou van
25. Oudengels (afk.)
28. Koerant wat min of meer ná sononder gelees kan word
29. Plant verwant aan mosterd en blomkool, met eetbare rooi of wit wortelknolletjies
30. Smal
31. Wat die perdeby moet laat staan in die liedjie
32. Jou in jou gedagtes só verplaas na situasies (in 'n verhaal) dat jy as 't ware self daar is
34. Vanaand . . . ons braaivleis en pap
35. In plaas van (afk.)
36. Skoolseuns het vroeër dikwels onder die . . . deurgeloop
37. 'n Chemiese element se kleinste deeltjie
38. Een van verskillende insekte wat met heuning-, hommel-, mot- of perde- kan begin
42. Die mens is uit die tuin van . . . uitgedryf
43. Bome met harde ovaal vrugte in doppies
45. Teksboodskap per selfoon



Junior blokraai

Kompetisie

Het jy die junior blokraai geniet? Stuur vir ons 'n selfoonfoto van jou met jou voltooide blokraai (sowel as jou naam en jou ouderdom) na pretblad.weekliks@rapport.co.za en jy kan 'n kontantprys van R250 wen. Die antwoorde van jou blokraai hoef nie alles sigbaar te wees nie.

Die Goue Eeu waarmee Afrikaans begin het

Junior blokraai

DIE Nederlanders noem dit hul "Goue Eeu" – die tydperk in hul geskiedenis wat min of meer saamgeval het met die 1600's (of 17de eeu). In daardie tyd is daar 'n groot opbloei in die handel, wetenskap en kunste. Seevarende Nederlanders vestig hulle ook aan die Kaap, en een belangrike gevolg van hul koms is dat 'n nuwe taal aan die suidpunt van Afrika ontstaan. Daardie taal staan vandag bekend as ...

Dit was egter nie Nederland as 'n land wat 'n kolonie aan die Kaap gestig het nie. Dit was 'n groot maatskappy wat hier 'n halfwegstasie gevestig het – vir hul talle skepe wat tussen Nederland en die Ooste gevaar het. Die naam van die maatskappy was die Verenigde Oostindische Compagnie (afgekort VOC).

BO is die maatskappy se kenteken of ...

Op die gebied van die wetenskap het Antonie van Leeuwenhoek (BO) hom onderskei deur beter mikroskope te maak as enigiemand tevore. Daarmee het hierdie ou Nederlander, wat in 1632 gebore is, ook die eerste mens geword wat klein eensellige "..." gesien het

Groot rivier in Noord-Italië

Sagte vrugte met baie pitjies

Hierdie rigting op landkaarte

Periodes in die geskiedenis

"Kooi" vol dinge wat kom v. voëls

Wie gou op sy ... is, is opvlieënd

'n Reis, bv. in 'n bus of motor

Tye ná sononder

Laat wiel!

Water wat gevries het

Gauteng se kode

Die uitsakking van reën vir net 'n rukkie

Jy stem mos saam of hoe?

Gevorderde Sertifikaat in Onderwys (afkorting)

Israel (afkorting)

'n Gedig wat iemand prys

Van die mees ikoniese kunswerke wat ooit geskep is, dateer uit die Nederlandse Goue Eeu, soos die skilder Rembrandt van Rijn se *Nagwag* (detail LINKS BO) en *Die Melkmeisie* (REGS BO) deur die skilder ... (naam en van)

Outentieke, nie nagemaakte

Moeder van Kain en Abel

'n Mens moet tog eet ... te lewe

Spoggerige klere aantrek

Vierde letter van die alfabet

Woordslim met die WAT

Wat beteken die woord

sjanker?

(a) soort ui (b) nikswerd persoon (c) pynlose sweer

Vasvra

1. 'n Duitse gimnas en spierbouer wat later 'n bekende fiksheidsafrigter geword het, het 'n oefenmetode ontwikkel wat hy Kontrologie genoem het. Onder watter ander naam is dié oefenmetode steeds gewild?
   (a) Pilates; (b) Tai tji; (c) Parkour; (d) Kegel.
2. Langs watter vasteland se weskus vloei die Humboldtstroom, wat sowat 800 km breed is?
   (a) Noord-Amerika; (b) Suid-Amerika; (c) Asië; (d) Europa.
3. Die Maan draai in 27 dae, 7 uur en 43 minute om die Aarde. Hoeveel fases of skyngestaltes van die Maan is daar in dié tyd?
   (a) Vyf; (b) Ses; (c) Sewe; (d) Agt.
4. Watter land se federale hoofstad is in 1191 gestig en grens aan drie kante aan die Aare-rivier?
   (a) Albanië; (b) Oostenryk; (c) Switserland; (d) Frankryk.
5. Watter roofvoël, met 'n wetenskaplike naam wat na 'n boogskutter verwys, kom op Suid-Afrika se landswapen voor?
   (a) Mossie; (b) Sekretarisvoël; (c) Bloukraanvoël; (d) Tarentaal.
6. Soek vir elke Grand Slam-tennistoernooi die speler wat die meeste titels daar gewen het.
   (1) Australiese Ope; (2) Wimbledon; (3) Roland Garros; (4) Amerikaanse Ope.
   (a) Rafael Nadal; (b) Novak Djokovic; (c) Roger Federer.
7. Watter van dié onafhanklike lande het die oudste bestaande leër?
   (a) Ysland; (b) Griekeland; (c) Vatikaanstad; (d) Brittanje.
8. Watter insek word 'n huidjiehu genoem?
   (a) Blaasopsprinkaan; (b) Kewer; (c) Kokkerot; (d) Kriek.
9. Watter plek in Suider-Afrika is op 8 Desember 1487 deur Bartolomeu Dias bereik en 'n ruk lank O Golfo de Santa Maria da Conceição genoem?
   (a) Durban; (b) Port Elizabeth; (c) Saldanhabaai; (d) Walvisbaai.
10. In watter jaar het Moedersdag ontstaan toe Anna Jarvis in Grafton, Wes-Virginië, vir haar ma 'n gedenkdiens gehou het?
    (a) 1897; (b) 1907; (c) 1917; (d) 1927.

Sudoku

Maklik

6			2			4	5	
					6			
	1		4	5				
			3	9				2
	6							9
1		3	6					7
9	7	5		3	4			
	4			7	8			

Moeilik

				4				8
		4		2		7		1
		6		3		2		
				7	5	4		
			1		2			
9					8			
	6						7	
8		5						3
		7				5		4

Oplossings

Blokmakierie

Versteekte sin: Mini is só stadig, sy soen haarself as sy omdraai.
Dwars: 1. Minimalis, 8. Sosys, 10. Noppe, 13. Stadiger, 16. Kaaps, 17. Lê, 18. Sywurm, 20. Alk, 21. Tesis, 23. Eie, 24. Gesoen, 26. Eers, 27. Haarself, 33. Degen, 35. Inlasbladsye, 39. Plat, 40. Yl, 41. Steen, 44. Veto's, 46. Dig, 47. Omdraaiplek, 48. Helms, 49. Net.
Dwars: 1. Mynskagte, 2. Namaaksel, 3. Ministeries, 4. Lepels, 5. Sae, 6. Ysvrye, 7. Yskoue, 9. Swemoefening, 11. OG, 12. Prei, 14. Tale, 15. DP, 19. Wins, 22. Ens, 25. OE, 28. Aandblad, 29. Radys, 30. Eng, 31. Lollery, 32. Inlewe, 34. Eet, 35. I.p.v., 36. Lat, 37. Atoom, 38. By, 42. Eden, 43. Eike, 45. SMS.

Blokraai [469 11 April]

Junior blokraai



Woordslim

(c) pynlose sweer

Die woord sjanker verwys na 'n pynlose veneriese sweer, veral in die mond of op die geslagsdele, wat hoogs aansteeklik is. Dit kan teruggevoer word na Latyn *cancer*, wat "sweer" beteken.

Sudoku

Maklik

6	3	7	2	8	9	4	5	1
5	2	4	7	1	6	9	8	3
8	1	9	4	5	3	2	7	6
4	5	8	3	9	7	1	6	2
7	6	2	8	4	1	5	3	9
1	9	3	6	2	5	8	4	7
9	7	5	1	3	4	6	2	8
3	8	1	5	6	2	7	9	4
2	4	6	9	7	8	3	1	5

Moeilik

7	2	9	5	4	1	6	3	8
5	3	4	8	2	6	7	9	1
1	8	6	7	3	9	2	4	5
6	1	2	3	7	5	4	8	9
4	7	8	1	9	2	3	5	6
9	5	3	4	6	8	1	2	7
3	6	1	9	5	4	8	7	2
8	4	5	2	1	7	9	6	3
2	9	7	6	8	3	5	1	4

Vasvra

1. (a) Pilates is 'n oefenmetode genoem na Joseph Hubertus Pilates (1883–1967), wat in Duitsland gebore is. Hy het as kind aan asma, ragitis en rumatiekkoors gely. Nadat sy pa hom aan gimnastiek en spierbou laat deelneem het, het hy as gimnas, duiker en skiër uitgeblink. Pilates het 'n reeks oefeninge ontwikkel wat hy later met die naam Kontrologie in 'n New Yorkse gimnasium gebruik het. Ná sy dood het dit as Pilates gewild geword.
2. (b) Suid-Amerika. Die koue Humboldt- of Perustroom vloei langs die kus van Chili en Peru tot naby die ewenaar, ongeveer 500 tot 1 000 km van die kus af. Dit is genoem na die Duitse navorser en ontdekker Alexander von Humboldt, wat dit in 1800 ontdek het. Hy het belangrike werk in die geofisika, meteorologie en oseanografie gedoen.
3. (d) Agt. Die Maan het 'n verligte kant (wat na die Son gerig is) en 'n donker kant (wat weggedraai van die Son is). Dit het agt fases (skynge-staltes), wat afhang van watter deel van die Maan deur die Son verlig is én van die Aarde af gesien kan word. Die name van die agt fases of skyngestaltes is, in die volgorde waarin dit voorkom: eerste kwartier, bolmaan, volmaan, bolmaan, derde kwartier, sekelmaan, nuwemaan en sekelmaan.
4. (c) Switserland se federale hoofstad, Bern, is in 1191 gestig en het hom in 1353 by die Switserse Konfederasie aangesluit. Toe die Switserse federale staat in 1848 ontstaan het, is Bern as die "federale stad" of hoofstad aangewys. Die ou deel van die stad grens aan drie kante aan die Aare.
5. (b) Die sekretarisvoël, die enigste lid van die familie *Sagittariidae*, is 'n roofvoël met die wetenskaplike naam *Sagittarius serpentarius*. Dié naam beteken "boogskutter van slange". Hierdie groot voël het lang bene en 'n kuif van lang vere aan die agterkop. Hy vreet rotte, paddas, sprinkane, voëls, eiers en verkleurmannetjies, asook slange, wat hy met die pote doodstamp.
6. (1b) Australiese Ope – Novak Djokovic; (2c) Wimbledon – Roger Federer; (3a) Roland Garros (Franse Ope) – Rafael Nadal; (4c) Amerikaanse Ope – Roger Federer. Djokovic (van Serwië) het die Norman Brookes-trofee van die Australiese Ope tussen 2008 en vanjaar nege keer gewen. Nadal (van Spanje) het die Coupe des Mousquetaires van die Franse Ope tussen 2005 en 2020 13 keer ver-ower. Federer (van Switserland) het in Wimbledon die Gentleman's Singles Trophy agt keer gewen en die trofee van die Amerikaanse Ope vyf keer.
7. (c) Vatikaanstad. Die Pouslike Switserse Wag is die militêre eenheid in die Vatikaanstad wat die pous en die Apostoliese Paleis bewaak. Pous Julius II het dié eenheid op 22 Januarie 1506 gestig. Die blou-rooi-oranje-en-geel uniform het 'n besliste Renaissance-voor-koms. Die eenheid bestaan uit Switserse Rooms-Katolieke 19 tot 30 jaar oud.
8. (a) Die blaasopsprinkaan is 'n sprinkaanagtige insek met 'n blaas-vormige, effens deursigtige agterlyf. Huidjiehu is die nabootsing van die klank wat die mannetjie maak deur 'n vylvormige riffie aan sy agterdy-bene oor 'n ry raspertandvormige knoppies weerskante van die agterlyf te skuur. Ander name van dié insek is goejaphonja, gonja, gonja-een-derm, bêrend-eenderm, katjiepietereenderm, pieter-eenderm, klaas-eenderm, koffiemeul en langasem.
9. (d) Walvisbaai. Bartolomeu Dias het in 1487 met die skip São Cristóvão daar aangekom en die baai O Golfo de Santa Maria da Conceição genoem. In 1878 het Brittanje Walvisbaai geannekseer. In 1910 het dit deel van die Unie van Suid-Afrika geword en onder Suid-Afrika se beheer gebly tot 1994, toe dit deel van Namibië geword het.
10. (b) 1907 was die jaar waarin Anna Jarvis (1864-1948) in Grafton, Wes-Virginië, vir haar ma, Ann Jarvis, 'n gedenkdiens gehou het. Ann Jarvis (1832-1905), 'n sosiale aktivis en gemeenskapsorganiseerder tydens die Amerikaanse Burgeroorlog (1861-'65), het ná die oorlog mense wat aan verskillende kante geveg het, met mekaar probeer versoen. Sy het 'n Mothers' Friendship Day vir soldate en hul familielede help reël en tot aan die einde van haar lewe moeite gedoen om moeders te vereer en te help.